## 17 Junie - JOHANNES

**Skrifgedeelte: Johannes 3:22-36 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:28**

Jesus het, net soos Johannes die Doper, mense gedoop. Toe Johannes deur een van die Jode hieroor gekonfronteer is, het hy hom gou reggehelp. Hy voel nie in die minste bedreig hieroor nie. Johannes sien homself net as 'n boodskapper.

Sommige mense het dalk gedink dat Johannes die Christus is, maar hy ontken dit by herhaling – hy is maar net voor die Christus uitgestuur. Johannes besef dat Jesus waarlik die Christus is. Daarom is Jesus baie groter as wat hy is. Hy, Johannes, moet minder word sodat Jesus, die Christus, verheerlik kan word. Dit is immers sy doel op aarde – dit is waarvoor hy gestuur is.

Elke gelowige is 'n gestuurde, net soos Johannes die Doper. Die HERE het vir elkeen 'n besondere taak. Vir Johannes was dit om die pad vir Jesus gelyk te maak. Hy het dit met groot ywer uitgevoer.

Die vraag is: Wat maak ek en jy met die taak wat die HERE aan ons opdra? Doen ons dit halfhartig, net uit pligsbesef? Maak ons soos die slaaf wat toevertrou is met die klomp geld – die een wat sy geld gaan begrawe het?

Wat is my taak? Ons vind die groot, oorkoepelende opdrag in Matteus 28:19, waar Jesus vir elke gelowige die opdrag gee: "Gaan ... maak dissipels ..."

Dit beteken nie dat elkeen van ons 'n evangelis of 'n sendeling moet wees nie. Dit beteken wel dat ons bereid moet wees om die taak wat ons gekry het, moet uitvoer, naamlik die uitbreiding van die evangelie.

Een taak wat elkeen van ons het, is om liefde te leef op so 'n manier dat dit ander mense honger maak vir die evangelie.

*Sing: Psalm 71:12 (1936-beryming)* *Dr De W Saaiman (Durban-Noord)*